VERLOF

Personeel in die nuwe stelsel sal gereelde, betaalde vakansieverlof kry. Siekteverlof sal tydperke dek wanneer werknemers weens siekte nie in staat is om te werk nie.

PENSIOEN

Pensioenvoordele is deel van die pakket vir werknemers in die nuwe stelsel.

MINDER STRES

Aangesien operateurs vir die aantal kilometer wat hulle ry, betaal word en nie die aantal passasiers wat hulle vervoer nie, is daar geen haas om soveel ritte per dag as moontlik te doen nie. Dus sal daar baie minder stres wees.

GERIEWE EN UNIFORMS

Bestuurders en personeel sal met ‘n skoon sluitkas en stortgeriewe voorsien word. In baie stede in die wêreld wat van die GSVS gebruik maak, sluit die geriewe kafeterias, gimnasium- en kliniekfasiliteite in. Elke werknemer sal van ‘n netjiese uniform voorsien word.

OPLEIDING

Alle werknemers sal gereelde opleiding ontvang sodat hulle professioneel kan ontwikkel.

WERKSKEPPING IN KAAPSTAD

Die nuwe sisteem sal meer mense aanmoedig om openbare vervoer te gebruik. Die diensvlak aan kliënte sal ook verbeter word. Dit sal die gevolg hê dat daar meer voltydse werksgeleenthede sal wees, in vergelyking met die hede. Daar sal poste wees vir drywers, sekuriteitswagte, en in instandhouding, terreinaanleg, kantoor- en skoonmaakwerk. Taxi drywers in ‘n gegewe fase van die GSVS wat nie in die nuwe systeem as drywer kan werk nie (bv as hulle nie ‘n drywerslisensie kry om die nuwe tipes voertuie te bestuur nie, ten spyte van opleiding), sal vir die ander poste in aanmerking kom.

27/03/09

Beter werk vir ‘n beter toekoms

Inligting vir minibus-taxibestuurders en ander werknemers

CITY OF CAPE TOWN | ISIXEKO SASEKAPA | STAD KAAPSTAD

THIS CITY WORKS FOR YOU

CAPE TOWN’S INTEGRATED RAPID TRANSIT SYSTEM

MEER OOR DIE GSVS

Die geïntegreerde snelvervoerstelsel (GSVS) is deel van talle veranderinge wat aan vervoer in Kaapstad en omstreke en ander dele van die land aangebring gaan word. Die Stad Kaapstad is tans in gesprek met die operateurs van minibustaxi's en geskeduleerde busse om die stelsel so te ontwerp dat daar aan hulle besorgdhede gehoor gegee sal word.

Die eerste fase sal na verwagting betyds gereed wees vir die Sokkerwêreldbeker in die middel van 2010. Dit sal gereelde dienste insluit vanaf die lughawe na die sentrale sakegebied (SSG), Groenpunt, Seepunt, Kampsbaai en Houtbaai en ook na die Weskus so ver as Atlantis en Mamre.

Huidige bestuurders sal opgelei word om die nuwe moderne18 meter-, 12 meter- en 8 meter-voertuie te bestuur.

Fase 1A.

Beter werk vir 'n beter toekoms

Taxibestuurders speel 'n baie belangrike rol in die minibustaxibedryf en werk dikwels lang ure. Die nuwe geïntegreerde snelvervoerstelsel (GSVS) wat binnekort in Kaapstad ingestel gaan word, hou baie voordele vir sowel bestuurders as ander personeel in. Operateurs van die nuwe GSVS sal billike indiensnemingsvoorwaardes vir bestuurders en ander werknemers bied.

Van die verbeteringe is as volg:

SALARIS

Werkers sal 'n vaste inkomste ontvang. Dit sal dit vir die werkers moontlik maak om hulle persoonlike finansies beter te bestuur.

SKOFSTE

Bestuurders en ander personeel sal gereelde en korter skofte werk. Oortyd sal betaal word indien bestuurders hulle vereiste weeklikse ure oorskry.

GESONDHEIDSVOORDELE

Die nuwe stelsel sluit gesondheidsvoordele vir alle werknemers in.